

## **Groot Ontbyt Landbou onderhoud met Leon de Beer, Hoofbestuurder: NWKV van SA**

**4 Desember 2015**

---

KYKNET Die Groot Ontbyt voer TV onderhoud met Leon de Beer oor die rampspoedige gevolge van poliëstersakbesoedeling in wol, wat die bedryf genoodsaak het om boetes teen hierdie tipe besoedeling in te stel.

### **Presies hoe vind besoedeling plaas?**

Vind plaas wanneer 'n produsent tydens die klasproses twee tipes wol het wat elk net 'n halwe baal sal vul. Die twee klasse wol word dan in een baal verpak, maar moet van mekaar in die baal fisies geskei word. Dan word in sekere gevalle poliëstersakke gebruik om in die baal tussen twee lotte wol plaas, want hierdie sakke is gereedlik beskikbaar op baie plase aangesien voer en kunsmus in die poliëstersakke verpak word.

### **Hoe algemeen kom dit voor?**

Eerstens moet ek eers sê dat die SA Wolskeersel van uiters hoë kwaliteit is en dat SA Wol baie hoog in die wêreld aangeslaan word! Hierdie hoë aansien is reeds oor dekades van volgehoue kwaliteit in die wêreldmark verdien!

Poliëstersakbesoedeling is nie iets wat op groot skaal en gereeld in die wol voorkom nie, maar die voorkoms van hierdie besoedeling het verreikende gevolge indien dit ongesiens uit die wolsak saam met die wol in die verwerkingsproses beland.

Een poliëstersak het die potensiaal om 'n verwerkingslot van 100t en meer te besoedel. Die implikasie is dan dat hierdie poliëstervesels integraal met die wolvesels vermeng word en uiteindelik in die finale produk groot gedeeltes van die materiaal ongeskik maak vir gebruik. Die rede hiervoor is dat poliëster eintlik 'n vorm van plastiek is en nie enige kleursel opneem soos wat die wolvesel kleur opneem nie. Hierdie vesels is dus baie duidelik in die wolmateriaal ingewef en sigbaar!

Hierdie voorbeeld wat met gare besoedel is van waarskynlik 'n T-hemp wat in die baal beland het gee goeie idee van hoe die wol besoedel kan word.

'n Ander voorbeeld is waar poliëstervesels in snoekertafel velmateriaal beland het. Hierdie velt word as deel van die einde van die verwerkingsproses aan hitte en druk onderwerp, wat enige poliëster in die materiaal laat smelt en slegs 'n gaatjie agterlaat. Groot stukke van die velt moet dan uitgegooi word!

### **Watter finansiële implikasie hou die besoedeling vir die wolbedryf in?**

Eerstens kan een poliëstersak 'n 100t verwerkingslot en meer besoedel. Dit is die ekwivalent van wol uit meer as 600 bale wol. Een baal wol weeg enige-iets tussen 100 en 200kg. Ongeveer 300gram wol word benodig om een manswolbroek te vervaardig. 'n Poliëstersak kan dus die material van meer as 300 000 wolbroeke besoedel!

Tweedens word die verskaffer van die wol (die SA Wolkoper) met soveel as tot R1.0 miljoen rand beboet indien die besoedelde wol deur die koper aangekoop en voorsien is. Een van die grootste wolkopers in SA moes onlangs R250 000 vir so eis betaal het nadat 'n Chinese verwerkingsmaatskappy die sak opgespoor het net voordat dit in die verwerkingsstelsel beland het. Hierdie besoedeling is ook uiters negatief vir die goeie reputasie van die SA wolprodusent en SA wolskeersel.

### **Wat behels die boetes wat vroeër vanjaar uitgestel is?**

Die totale wolindustrie het voor die aanvang van die huidige walseisoen bymekaar gekom om die probleem te bespreek. Dit het produsente, makelaars, kopers, verwerkers en die woltoetsburo ingesluit.

Daar is gesamentlik besluit om 'n boetestelsel vir produsente in te stel wat daarop neerkom dat 'n produsent met R1500/ geval beboet sal word indien die besoedeling in die makelaar se stoor opgespoor word.

Hierdie boete word verhoog na R15 000 indien die besoedeling eers by die verwerkingsaanleg opgespoor word, beide plaaslik en oorsee.

SA is nou feitelik halfpad in die walseisoen en die boetestelsel lyk of dit vrugte afwerp.

### **Watter riglyne kan wolprodusente volg om poliëstersak besoedeling te voorkom?**

'n Produsent spandeer enige-iets van 6 maande tot 'n jaar om sy skape te versorg en wol van goeie kwaliteit te produseer. Besoedeling van wol kan in 'n oogwink hierdie maandelange poging tot niet maak wat maklik in die skeerhuis tydens skeer en wolklas verhoed kan word.

-Produsente word dus aangeraai om te sorg dat hulle self in die skeerhuis betrokke is om toe te sien en seker te maak dat geen besoedeling plaasvind nie.

-Sorg dat alle potensiële bronne van besoedeling voor die skeerseidoen uit die skeerhuis verwyder word. Dit sluit poliëstersakke, baaltou en ystervoorwerpe in.

-Maak seker dat die arbeid wat help met skeer, wolklas en verpakking goed opgelei is vir die taak!

-Gebruik papier as skeiding in split of bin bale as skeidingsmateriaal – beslis nie poliestersakke nie. Maak ook seker dat die baal duidelik aan die buitekant gemerk is, selfs met 'n groot kruis!

Van die makelaars voorsien reeds papier saam met wolsakke wat as skeidingsmateriaal gebruik kan word.

Die rolspelers van die wolindustrie het ook ooreengekom dat enige besoedeling wat voor die wolveiling opgespoor word daartoe sal lei dat die produsent se wol van die veiling onttrek sal word en eers weer aan die einde van die volgende katalogus geplaas sal word en as besoedelde wol opgeveil sal word.

Makelaars het ook metaalverklikkers geïnstalleer om metaal besoedeling in bale op te spoor.